# Saam boer ons vooruit

Gewasbeskerming | Plantvoeding | Presisiedienste

Agent kontakbesonderhede



## Gerdeon Vermaak

**T: 084 516 9975 / E: gerdeon@laeveld.co.za**

### Area: Klerksdorp

**Gewasse:** Mielies, sonneblomme, sojabone, grondbone en suikerbone.

Gerdeon Vermaak het in Potchefstroom grootgeword en sy skoolloopbaan aan Hoër Volkskool voltooi. Hulle was vyf kinders in die huis – drie seuns en twee dogters. Sy oudste broer boer naby Harrismith, en sy ander broer, Kristian, werk saam met hom by Laeveld Agrochem.

Volgens Gerdeon het hulle almal danksy sy pa 'n groot liefde vir die landboubedryf ontwikkel. Hoewel sy pa nou afgetree is, het hy sy hele lewe in landbou gewerk en boere by die Vaalrivier-skema namens die Departement van Waterwese bygestaan.

Gerdeon het na skool by 'n biologiese maatskappy begin werk, waar hy later tot Produksiebestuurder bevorder is. Hierna het hy vir 'n paar jaar in Brits tegniese bemarking vir kunsmis en blaarvoedings gedoen, en ook met wortels, groenmielies, suikerbone en gars geboer.

Later het hy met die boere in die Hartbeesfontein-gebied gewerk en daarna vir sowat 'n jaar verkope in die omgewing gedoen. Vandag kan hy terugkyk op amper tien jaar in die landboubedryf, met die hoogtepunt toe hy onlangs sy eie agentskap by Laeveld Agrochem oopgemaak het. Hy het sy CropLife-sertifikaat in 2023 verwerf.

Gerdeon is getroud en het 'n seun en 'n dogter. Tyd saam met sy gesin is vir hom baie kosbaar, hy geniet dit om te sien hoe sy seuntjie op en af spring as hy by die huis kom. Hy is ook versot daarop om in die buitelug te wees vir aktiwiteite soos visvang, tyd in die bos en om saam met sy kinders buite te speel.

Die omgewing waarin Gerdeon hoofsaaklik gaan werk sluit die Hartbeesfontein-gebied, Schweizer-Reneke en die omliggende gebiede in. Hy gaan hom toespits op gewasse soos mielies, sonneblomme, sojabone, grondbone en suikerbone.

Dit is vir hom lekker om goeie terugvoer van kliënte af te kry nadat hulle 'n strategie gebruik het wat suksesvol was. "Ons kan dan saam bly wees oor die goeie resultate wat behaal is. Ek wil baie graag die verkope in my gebied so goed as moontlik ontwikkel en suksesvol wees met 'n groot markaandeel – iets waarna die meeste agente waarskynlik streef."

***"My hoofdoel is om uiteindelik in alle opsigte 'n verskil op die boer se plaas te maak. 'n Boer moenie net by my koop omdat hy my ken, of omdat ek die beste pryse het nie, maar veral omdat ek 'n verskil op sy plaas maak. Wanneer ek eendag aftree, moet die boere voel dat ek regtig 'n verskil in hul lewens en gemeenskappe gemaak het."***

Nog iets waaroor Gerdeon sterk voel, is om ook 'n verskil te maak in elke boer se persoonlike lewe. "Dit sal lekker wees om 'n positiewe inspraak in die boer se lewe te hê. Ek wil die lig van Jesus uitstraal deur positiwiteit en vertroue in Hom."

*"Ons moet almal die beste doen wat ons kan en dan met 'n geruste hart ons hemelse Vader oorlaat om reën te stuur en gewasse te laat groei."*

ADAMA Andermatt Madumbi BAYER CORTEVA agriscience enviro bio-chem HARVEST CHEMICALS MBFi Rolfes Agri INSECT SCIENCE PHILAGRO syngenta TriFert UNITED CROP SOLUTIONS villa

**Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.**
Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding die beste advies te gee.

**www.laeveld.co.za**

Agri Technovation Specialized to succeed